

# **Herkoms van Gerrit van der Linde**

**Andrie van der Linde (b3c3d1e2f10g1h2i2)**

## **INLEIDING:**

Gerrit van der Linde is die stamvader van die oorgrote meerderheid "van der Lindes" in Suid Afrika. Min inligting oor sy herkoms word gegee. In die "Suid Afrikaanse Geslagregisters" word bloot gemeld dat sy aankoms in 1714 was (GISA, 1999).

Op 25 Mei 1692 word Gerid van der Linde in die Gereformeerde Kerk Charlois (Suid Nederland) gedoop. Hy is die negende en laaste kind van Leendert Roken van der Linde en Soetje Leenders Vermolen (Vermeulen) wat op 13 Augustus 1673 in die Rotterdam Gereformeerde Kerk in die huwelik getree het. 'n Ouer suster (Teuntjen) en broer (Rocus) is vermoedelik voor Gerrit se geboorte oorlede en daar was dus sewe kinders in die huis.

## **DIE GESIN WAARIN GERRIT OPGEGROEI HET:**

Gerrit se vader Leendert is die seun van Rochus Leenderse<sup>1</sup> van der Linde<sup>2</sup> en is op 12 November 1651 te Heerjansdam<sup>3</sup> gedoop is. Leendert se moeder se naam was Teuntie Leenderse, geen verdere inligting is van haar bekend nie. Soetje was die dogter van Lenaerd Adriaenz Vermolen<sup>4</sup> en Pietertjie (Piaternella<sup>5</sup>) Jansd Winter en is ongeveer 1653 gebore.

Die kinders van Leendert van der Linde en Soetje Vermeulen is<sup>6</sup>:

- Teuntjen van der Linden; gedoop 8 Julie 1674<sup>7</sup>
- Johannes van der Linde; gedoop 20 Oktober 1675
- Rocus van der Linden; gedoop 29 Augustus 1677<sup>8</sup>
- Piaternella van der Linde; gedoop 9 Oktober 1678
- Rokus (van der Linde<sup>9</sup>); gedoop 9 Februarie 1681
- Elizabeth (van der Linde); gedoop 14 Januarie 1685
- Teuntje (van der Linde); gedoop 28 September 1687
- Lena (van der Linde); gedoop 16 April 1690
- Gerid (van der Linde); gedoop 25 Mei 1692<sup>10</sup>

Leendert van der Lijnden word verder aangegee as die vader van 'n naamlose kind wat op 18 April 1693 in Rotterdam begrawe is. Hierdie is 'n moontlike broer/suster van Gerrit wat tydens geboorte of kort na geboorte dood is.

Dit is nie bekend hoe oud Leendert en Soetje (en enige van hulle kinders) geword het nie. Na die begrafnisrekord hierbo vermeld is daar geen verdere rekord vir Leendert en kan aangeneem word dat hy ten minste sy vroeë veertiger jare bereik het. Daar is wel

<sup>1</sup> Leendert se tweede naam (patrinoom) is 'n verwysing na sy vader se naam. Die volgende spellings word in die rekords gevind: Roocke (1673); Rockussen (1674); Rooke (1675); Rooken (1677); Rokussen (1678); Rokusse (1681; 1690) en Roken (1685; 1687; 1692).

<sup>2</sup> Kan ook van der Lint of van der Linden wees

<sup>3</sup> 'n Ander distrik op die eiland IJsselmonde waarop Charlois geleë is.

<sup>4</sup> Vermeulen

<sup>5</sup> Piaternella is die naam van die tweede dogter van Leendert en Soetje van der Linde. Gerrit doop sy derde dogter "Piaternella" wat die vemoede versterk dat Piaternella sy ouma kon wees. Ander rekords vir Piaternella van der Linde kon opgespoor word uit hierdie era en omgewing, moontlike niggies van Gerrit.

<sup>6</sup> Almal word in die Gereformeerde kerk Charlois gedoop

<sup>7</sup> Hierdie kind is waarskynlik voor 1687 oorlede

<sup>8</sup> Hierdie broer van Gerrit is waarskynlik jonk oorlede

<sup>9</sup> Geen van word aangedui nie

<sup>10</sup> Sommige bronne gee Gerrit se doopdatum/geboortedatum aan as 27 September 1682.

Ongelukkig is daar geen verwysing na die oorspronklike dokument waarvan die inligting afgelei is nie. Sien byvoorbeeld <http://members.ozemail.com.au/~tvren/Thinus/fmjvr/439.html>. Gerrit word waarskynlik vernoem na sy oupagrootjie aan moederskant


rekord dat ‘Soetje Vermeulen’ getuie was by die doop van Soetje van der Lught op 3 Januarie 1723 in die Rotterdam Gereformeerde Kerk. Soetje was op hierdie stadium waarskynlik tussen vyf-en-sewentig jaar en tagtig jaar oud<sup>11</sup>.

#### DIE DORPIE CHARLOIS:

Charlois is ‘n woongebied wat ongeveer 10 km<sup>2</sup> groot is en is geleë op die IJsselmonde eiland wat in die Nederlandse Maasdelta geleë is. Dit word begrens deur die Nuwe Maasrivier in die noorde, die Oude Maasrivier in die suide en die Noordrivier in die ooste. IJsselmonde eiland is ongeveer 105 km<sup>2</sup> groot.

PROVINCIE ZUID-HOLLAND.

GEMEENTE CHARLOIS.



Figuur 1: 1867 Kaart van Charlois

Die vroegste (primatiewe) bewoning van Charlois dateer terug tot voor 1200. In 1458 word “De Rijerwaard” gebied<sup>12</sup> deur Filips van Bourgondië aan sy seun Karel de Stoute geskenk<sup>13</sup>. In 1462 gee hy die bestuur oor aan Matteys de Buyser, Ijsbrand Uyt ten Hague, Arend van der Woude en Anthony Michelsz. van Eversdijck en bepaal dat hulle dyke moet

<sup>11</sup> 'n Rekord van Soetje Hendricks Vermeulen, doopmoeder van Annetje Hoogendijk, op 27 Februarie 1718 in Charlois Gereformeerde kerk beteken dat hierdie afleiding nie noodwendig korrek is nie.

<sup>12</sup> Waarbinne Charlois val

<sup>13</sup> Daar is vandag 'n 'Karel die Stoutepark' in Charlois.

oorig. Hy bepaal ook dat die gebied voortaan as 't land van Charollais<sup>14</sup> bekend sal staan. Charlois het as onafhanklike munisipaliteit gefunksioneer en is in 1895 by Rotterdam ingelyf.

Daar is nie veel van die omgewing van Charlois waarbinne Gerrit grootgeword het oor nie aangesien 'n deel van Charlois gebruik om die Rotterdamse hawegebied te vergroot. Op 1 Januarie 2003 het 66 000 inwoners op Charlois (6 600 inwoners per km<sup>2</sup>) gewoon. Die area het 'n reputasie van misdaad, hoë werkloosheid en lae geskooldheid gehad en 'n strategie is beplan om studente na die area te lok en die situasie so om te keer.

Daar het wel 'n landmerk uit Gerrit se tyd behoue gebly. "De Molen de Zandweg" is 'n koringmeul wat in 1723 opgerig is, minder as tien jaar nadat Gerrit Suid Afrika toe gekom het. In 1959 koop die Gemeente Rotterdam die meul en teen 1962 is dit volledig gerestoureer en in volle werking. Die meul is 'n besienswaardigheid en kan besoek word en is 'n gewilde plek waar pasgetroude egaapartjies hul huweliksfotos laat neem soos in die foto<sup>15</sup> hieronder. Dit is ondeker of Soetjie se 'Vermeulen'/'Molenaar' familie by die oprigting van die meul betrokke was.



Figuur 2: Huweliksfoto by die Meul

<sup>14</sup> Waarskynlik geïnspireer deur die Graafskap Charolais in Frankryk wat ook deur Karel die Stoute besit was.

<sup>15</sup> Van <http://www.everyoneweb.com/molendezandweg/>



Figuur 3: De Molen de Zandweg (Charlois)

Op 18 Januarie 1714 stap Gerrit in Rotterdam aan boord die Zandenburg op reis as Soldaat na Suid Afrika. Vier maande later stap hy op 7 Mei 1714 by Kaapstad aan wal. Dit is hier waar die storie van die Suid Afrikaanse van der Lindes begin.

Bonne:

1. GISA; Suid Afrikaanse Geslagregisters; Vol 5a; 1999; p120.
2. Al die doop, huwelik en begrafnis inligting is verkry uit die Rotterdamse Digitale Stamboom databasis.  
([http://rotterdam.digitalestamboom.nl/search.aspx?app\\_route=8&lang=nl](http://rotterdam.digitalestamboom.nl/search.aspx?app_route=8&lang=nl))
3. Gerrit se reisrekord: <http://vocopvarenden.nationaalarchief.nl/detail.aspx?ID=152170>
4. Wikipedia skakels (Maart 2013) na:
  - Charlois: <http://en.wikipedia.org/wiki/Charlois>;
  - <http://nl.wikipedia.org/wiki/Charlois>
  - IJsselmonde: [http://en.wikipedia.org/wiki/IJsselmonde\\_\(island\)](http://en.wikipedia.org/wiki/IJsselmonde_(island))
5. Genealogiesite van Jan Sneijders: <http://members.casema.nl/j.c.sneijders/sneijders-000002-kframeset.htm?sneijders-000002-k.htm>
6. Inligting oor De Molen De Zandweg:
  - <http://www.molendatabase.nl/nederland/molen.php?nummer=1103>
  - <http://www.everyoneweb.com/molendezandweg/>
7. Flags of the World website: [http://www.crwflags.com/fotw/flags/nl-zh\\_ch.html](http://www.crwflags.com/fotw/flags/nl-zh_ch.html)
8. Charlois: Urban plan & City Analysis:  
[http://www.veldacademie.nl/user\\_files/file/Charlois\\_InclusiveCity\\_web.pdf](http://www.veldacademie.nl/user_files/file/Charlois_InclusiveCity_web.pdf)
9. Deelgemeente: Charlois: <http://www.rotterdam.nl/charlois>